Besigheidsbeginsels

Ons sal'n gediversifiseerde portefeulje van metale en mynboubesighede uitbrei en bestuur met die enkele doel om die beste opbrengs in die bedryf aan ons aandeelhouers te lewer. Ons kan dit slegs behaal deur ware vennootskappe met ons werknemers, kliënte, aandeelhouers, plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbers, wat gegrond is op integriteit, samewerking, deursigtigheid en wedersydse waardeskepping.

1 Verklaring van die Bestuurshoof
2 Ons werk eties
3 Ons werk verantwoordelik
4 Ons werk openlik
5 Ons werk onderling saam en saam met ander
6 Werknemerskontakte
Eksterne navrae

Hierdie Verklaring van Besigheidsbeginsels is van toepassing op elke onderneming onder Xstrata se beheer. Ondernemings wat nie onder sy beheer val nie, maar waar Xstrata aandeel in het, se beleid en gedragsriglyne moet ooreenstem met hierdie Beginsels.

Ons Besigheidsbeginsels beskryf die waardes waaraan almal by Xstrata onderwerp word. Dit word ondersteun deur die spesifieke verbintenisse, verwagtinge en riglyne soos dit beskryf word in ons beleidsriglyne, Volhoubare Ontwikkelingstandaarde en prosedures.

Verklaring van die Bestuurshoof

Ons is deur die eienaars van Xstrata aangestel om die waarde van hulle belegging te laat groei. Ons Missieverklaring spel ons uitdaging uit en maak dit ook baie duidelik dat sukses alleen moontlik is deur die daarstelling en behoud van ware vennootskappe met ons belanghebbers. Hierdie vennootskappe word gekenmerk deur integriteit, samewerking, ondubbelsinnigheid en die skepping van wedersydse waardes.

By Xstrata delegeer ons die maksimum verantwoordelikheid en gesag na ons myne dwarsoor die wêreld, met die behoud van 'n minimale korporatiewe basis en die minimum in bedryfskostes. Ek glo vas dat ons ondernemings en ons belanghebbers direk baat vind by hierdie gedelegeerde bestuurstruktuur deur die ontwikkeling van 'n sterk gevoel van eienaarskap en verantwoordelikheid op plaaslike vlak. Omdat ons besighede nie aan bande gelê word nie, kan hulle optree en reageer teenoor plaaslike belanghebbers, uitdagings en geleenthede in die mees toepaslike manier – 'n belangrike vereiste as ons kyk na die variasie verwant aan ons ondernemings wêreldwyd.

Hoe dit ook al sy, die merendeels selfstandige groepe binne in ons myne word saamgebind deur die gedeelde waardes en beginsels in verband met ons werkswyse soos dit in hierdie Verklaring van Besigheidsbeginsels uiteengesit word. Hierdie beginsels erken spesifiek dat ons verbintenis tot egte vennootskappe met ons belanghebbers vereis dat:

– ons eties werk
– ons verantwoordelik werk
– ons openlik werk; en
– ons onderling saamwerk en met ander saamwerk.

Ons werklike uitdaging is om te verseker dat hierdie aspirasies weerspieël word in ons daaglikse optrede, houdings en besluite. Om dit te bereik, moet elkeen van ons persoonlik verantwoordelikheid neem vir die implementing daarvan in die sake-afdeling waarvoor ons verantwoordelik is en om die toepassing daarvan deur ons sakevennote te bevorder, insluitend ons vennote in gesamentlike ondernemings en kontrakteurs. Dit is elkeen se verantwoordelikheid om sy kommer uit te spreek oor die nalewing van Xstrata se Besigheidsbeginsels, in die eerste plek deur sy lynbestuurder. 'n Anonieme, onafhanklik beheerde 'ethics line' word ook voorsien in elke land waarin Xstrata handel dryf vir gevalle waar dit nie moontlik is nie, en verdere inligting word voorsien agter op die omslag van hierdie dokument.

Ons besigheidsbeginsels word nie bedoel as 'n stel voorskriftelike korporatiewe reëls nie. Dit verskaf ook hoegenaamd nie die besonderhede van ons spesifieke verantwoordelikhede by die werk nie. Dit reflekteer ons verbintenis tot mekaar en tot ons belanghebbers oor hoe ons sal werk. Ons besigheidsbeginsels verskaf 'n etiese raamwerk en verwysingspunt vir ons korporatiewe kultuur aan Xstrata se besighede wêreld wyd, waar 'n voortdurende fokus op waarde 'n kompromislose verbintenis tot etiese en verantwoordelike gedrag beteken.

Ek is trots op die korporatiewe kultuur binne in Xstrata, waar ons fokus op waardeverhoging vir die Groep se eienaars onlosmaaklik verbonde is aan ons verbintenis tot die hoogste standaarde van integriteit en duidelikheid. Ongeag die verskillende kulture, gebruike en wette waarbinne ons werk, mag ons beginsels nooit prysgegee word nie.

M L Davis, Bestuurshoof, Xstrata plc

Ons werk eties

Ons is ten alle tye verbind tot die hoogste standaarde van persoonlike en professionele etiese gedrag.

Ons optrede weerspieël ons integriteit in ons verhoudings met belanghebbers en ons kom ons beloftes en verpligtinge teenoor hulle na.

Ons voldoen ten volle aan die wette en regulasies in elke land waar ons sake doen. Ons tree ook op binne Xstrata se volhoubare ontwikkelingsraamwerk en ons streef daarna om die hoogste internasionale standaarde te bereik, ongeag die ligging en sonder enige uitsondering.

Ons verwag ook dat ons sakevennote Xstrata se Besigheidsbeginsels, Beleidsriglyne en Volhoubare Ontwikkelingstandaarde sal onderskryf.

Ons handhaaf en bevorder menseregte binne in die gebied waarop ons 'n invloed het, met respek vir die kulturele agtergrond, gewoontes en regte van gemeenskappe, insluitend die inheemse bevolking.

Ons bied geen omkoopgeld of enigiets aan wat as omkopery gesien kan word nie, vra nie daarvoor nie en aanvaar dit ook nie.

Ons skenk geen donasies aan enige politieke party, politieke organisasie, politikus of kandidaat vir enige openbare amp nie.

Ons duld geen vorm van bedrog nie, insluitend diefstal en die onbehoorlike gebruik van die maatskappy se hulpbronne vir persoonlike gewin.

Ons laat nie toe dat ons persoonlike finansiële belange in konflik kom met die belange van die maatskappy nie.

Ons ondersteun vrye ondernemingskap en sal regverdig meeding in besigheid, met volle agting vir die regulasies wat kompetisie bevorder en verbruikers beskerm.

Ons kom alle kontrakte met leweransiers en kliënte na en betaal kommersiële pryse vir goedere en dienste.

Ons is verbind tot eerlike en verantwoorde korporatiewe bestuur.

Ons werk verantwoordelik

Ons is verbind tot volhoubare ontwikkeling. Ons verseker 'n balans tussen sosiale-, omgewings- en ekonomiese behoeftes in die wyse waarop ons maatskappy bestuur word.

Ons identifiseer en bestuur die finansiële, operasionele, gesondheid-, veiligheids-, omgewings, politieke, sosiale en reputasie-verwante risiko's in ons besigheidsaktiwiteite om ons toe te laat om die geleenthede te gebruik en ten volle te benut.

Ons voorsien in sigbare leierskap; duidelike prioriteite, doele en mikpunte; en die nodige finansiële en personeelsmiddele om ons strategiese mikpunte te kan bereik.

Ons implementeer strategieë, beleidsriglyne, standaarde, sisteme en prosedures om ons mikpunte te bereik wat geïmplementeer word en aansluit tussen die Groep, grondstof onderneming en operasionele vlakke.

Ons streef daarna om 'n veilige werkplek te bewerkstellig, vry van enige noodlottige ongelukke en beserings en om die welsyn van werknemers, kontrakteurs en gemeenskappe te verbeter.

Ons is verantwoordelik vir ons eie veiligheid en welsyn en vir die veiligheid en welsyn van ander mense om ons in die werkplek en in die gemeenskap.

Ons tree op as verantwoordelike administrateurs van ons eienaars se bates en ons doel is om die langtermyn welvaart, funksie en lewensvatbaarheid van die natuurlike gebiede waar ons ondernemings 'n invloed op het, te beskerm.

Ons streef na volgehoue verbetering in alle aspekte van ons besigheidsaktiwiteite.

Ons werk openlik

Ons is verbind tot die maksimum deursigtigheid wat kommersieel moontlik is in ons besigheidsaktiwiteite.

Ons bring 'n gereelde openlike verslag uit van ons finansiële, operasionele en volhoubare ontwikkelingsprestasies volgens alle toepaslike wetgewing en die erkende praktyke en standaarde.

Ons verslag oor finansiële en besigheidsprestasie informasie is kompleet, akkuraat, eerlik en betyds.

Ons bring vroegtyding verslag uit aan al die toepaslike belanghebbers oor die potensiële impak en voordele van alle voorgenome groot veranderinge in ons ondernemings, projekte of aktiwiteite, in 'n helder, verstaanbare en kultureel-aanvaarbare wyse.

Ons maak gebruik van betroubare, onafhanklike derdeparty kenners om ons bestuursisteme en besigheidsprestasies op Groep, grondstof onderneming and operasionele vlakke te ouditeer en te onderskryf.

Ons vergelyk ons prestasies op 'n gereelde basis met internasionale standaarde en toonaangewende praktyke met die idee om die industriële leiding te behou.

Ons werk onderling saam en saam met ander

By Xstrata is ons verbind tot ope en wedersydse samewerking met werknemers, werknemer verteenwoordigers, gemeenskappe, kliënte, leweransiers, aandeelhouers en ander belanghebbers.

Ons identifiseer die belanghebbers in ons aktiwiteite en kommunikeer eerlik en gaan te goeder trou om met alle belanghebbende groepe.

Ons onderskryf 'n hoë prestasie- en ondernemerskultuur en delegeer maksimum verantwoordelikheid and gesag na ons myne en ondernemings wêreldwyd, ingeboude eienaarskap op plaaslike vlak.

Ons doel is om die beste mense op elke vlak van ons besigheidsaktiwiteite aan te werf en te behou en om leidende industriele beroepsontwikkelingsgeleenthede en mededingende salarisse aan te bied.

Ons heg groot waarde aan die bydrae die deur die werknemers en kontrakteurs gemaak word en ons beleidsriglyne en praktyke respekteer hulle persoonlik waardigheid en regte.

Ons heg waarde aan diversiteit en behandel alle werknemers en kontrakteurs regverdig, ons voorsien gelyke geleenthede op alle vlakke in die organisasie sonder enige vooroordeel op basis van ras, nasionaliteit, geloof, geslag, ouderdom, seksuele voorkeure, gebrekke, politieke of ander opinie of enige ander basis.

Ons erken en handhaaf die regte van ons werknemers op'n veilige werksplek, kollektiewe verteenwoordiging, regverdige vergoeding, werksekuriteit en ontwikkelingsgeleenthede.

Ons duld geen vorm van diskriminasie, teistering of fisiese aanranding by die werksplek nie.

Ons duld geen kinderarbeid of enige vorm van slawerny of verpligte arbeid by Xstrata of ons sakevennote nie.

Ons werk saam met die owerheid, plaaslike bestuur, gemeenskapsverteenwoordigers, intergoewermenteel en private organisasies en ander belanghebbende partye om projekte te ontwikkel en te ondersteun waarby die gemeenskappe wat verwant is aan ons ondernemings, baat by kan vind.

Ons dra by tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van volhoubare gemeenskappe wat verwant is aan ons ondernemings.

Ons respekteer die kultuur, gewoontes, belange en regte van gemeenskappe, insluitend inheemse bevolking en kwetsbare groepe of groepe wat voorheen minder bevoorreg was.

Ons is aktief besig om te bou aan die verhoudings met ons belanghebbers op'n internasionale, nasionale, regionale and plaaslike vlak en ons is op soek na voortdurende, omvattende ondersteuning van ons aktiwiteite deur die gemeenskappe verwant aan ons ondernemings.

Ons werk saam met ons kliënte, leweransiers, industriele sakevennote en verenigings om die algehele industriele prestasie te verbeter en om die omgewings-, veiligheids- of gesondheidsinvloed verwant aan ons produkte, te versag.

Werknemerskontakte

Elke Xstrata-personeellid en -kontrakteur is daarvoor verantwoordelik om volgens die besigheidsbeginsels op te tree. Navrae oor die nakoming van die beginsels moet gerig word aan u direkte toesighouer of bestuurder, of aan die hoofbestuurder by u maatskappy. Dit sluit in aangeleenthede soos bedrog, diefstal, oneerlike besigheidspraktyk, misbruik van besigheidshulpbronne, onveilige gesondheids- en veiligheidstoestande, korrupsie of enige ander onetiese optrede by die werkplek.

Maar waar dit byvoorbeeld nie moontlik is, vir watter rede ook al, om dit aan u hoof of algemene bestuurder te rapporteer nie, kan u van die tolvrye telefoonnommer gebruik maak wat hiervoor beskikbaar gestel is in elke land waar Xstrata besigheid doen. Die oproeplyn word onafhanklik bestuur deur KPMG en sake wat só aangemeld word, sal vertroulik en anoniem aan die hoof van interne oudit vir aksie deurgegee word. Alternatiewelik kan u van die vertroulike e-posadres ethics@xstrata.com gebruik maak om ongerymdhede aan te meld.

Onsekerhede of vrae oor personeelaangeleenthede soos salarisse, werksure of dienste moet, soos altyd, steeds aan u hoof of bestuurder gerapporteer word.

Argentina	0800 555 5764	Papoea-Nieu-Guinee	000861140
Australië	1800 987310	Peru	0800-5-2757
België	0800 715 10	Philippines	1800 161 10175
Brasilië	0800 890 069	Republiek van Kongo (Brazzaville)	+27 12 543 5363
Chile	123 0020 9952	Spanje	9005 06915
China	1-0800-265-2608	Suid-Afrika	0800 20 43 07
Dominikaans Republiek	888 751 0471	Swaziland (Betaalbaar deur ontvanger)	+27 12 543 5407
Duitsland	0800 18 13622	Switserland	0800 000 998
Kanada	866 311 5773	Tanzania (Betaalbaar deur ontvanger)	+27 12 543 5449
Mauritanië	+27 12 543 5363	Verenigde Arabiese Emirate	800 50 37283
New Caledonia	00 687 28 66 60	Verenigde Koninkryk	0800 0151 846
Noorweë	+47 40639400	Verenigde State	18 009 881 645

e-pos: ethics@xstrata.com

Eksterne navrae
Vir verdere inligting oor Xstrata, skakel:

Claire Divver
telefoon: +44 20 7968 2871
e-pos: cdivver@xstrata.com

Pamela Bell
telefoon: +44 20 7968 2822
e-pos: pbell@xstrata.com

Brigitte Mattenberger
telefoon: +41 41 726 6071
e-pos: bmattenberger@xstrata.com

www.xstrata.com

Ander tale: Afrikaans, Engels, Frans, Duits, Inuktitut, Noorweëns, Portugees, Quechua, Setswana, Sepedi, Sotho, Spaans, Swahili, Tswana, Xhosa en Zulu.

Designed & produced by Cre8